

Dinsdag 26 Maart

Skrifgedeelte: Josua 21:1-45

Fokusgedeelte: Josua 21:41-45

Die kerk herinner aan God

Al die stamme van Israel het nou elkeen hulle eie grondgebied gekry – behalwe een stam, die Leviëte. Tot heel laaste moet hulle wag voor daar aan hulle iets toegeken word. Dan, interessant genoeg, kry hulle nie 'n eie grondgebied nie, maar ontvang 'n aantal stede elkeen met weigebied tussen die res van die volk.

Waarom hierdie ietwat vreemde gebeure rondom die Leviëte? Daarvoor moet ons terugblaai na Deuteronomium 18:1-8. Hier word die Leviëte afgesonder vir spesiale diens aan God, eenkant gesit en deur God opgeëis.

Let nou weer op hoe die stede versprei word onder die volk: met enkele verskille, vier stede uit elke stam; Aäron se afstammeling wat as priester gedien het, kry almal naby Jerusalem stede terwyl dié stad eers baie later die tempel sou huisves; en al die asielstede van hoofstuk 20 word ook aan hulle toegeken.

So word die Leviëte iets van 'n sigbare herinnering aan die HERE God. Jy sou nie ver kon reis voordat jy in 'n Leviet sou vasloop of deur 'n Levitiese stad moes gaan nie. Jy sou gereeld Leviëte heen en weer sien reis, onderweg na hulle dienswerk by die heiligdom. Selfs ook die regspraak in die asielstede is deurtrek met 'n herinnering aan God.

So is die kerk van Christus ook nog vandag. In Suid-Afrika is daar sekerlik nie een dorp of stad waar daar nie 'n gemeente van Christus vergader is nie. Ons as kerk is 'n sigbare herinnering aan God. Ons teenwoordigheid herinner mense aan Hom. Ons hierwees loop soos suurdeeg deur gemeenskappe en ons gee smaak en ons gee lig in 'n donker wêreld. En dan, eers wanneer die Leviëte hulle stede ontvang het, kry ons die mooi woorde aan die einde van hoofstuk 21 dat nie een van God se goeie beloftes on vervuld gebly het nie.

Laat ons as kerk ook die sigbare herinnering onder mense wees dat God se goeie beloftes in vervulling gaan vir elkeen wat glo.

Sing: Lied 190:1, 3

Ds. BA van der Walt (Banie) (Paarl)